# DIE SWART LUIPERD

No 65
Die Plaag
uit Egipte



Die Luiperdman korrel op 'n afstand. Hierdie keer is daar nie beweging onder hom nie en die boog lê roerloos in sy hande asof dit in 'n ysterskroef vasgevang is. Hy lig dit stadig namate die vliegtuig nader kom. Hy het die snaar so ver teruggetrek as wat hy kan en die boog maak 'n dreigende, sierlike halfmaan.

Hoewel dit lyk asof die vliegtuig hierdie keer voorwaar sy kop gaan tref, bly hy vreesloos staan want hy weet dat hy hierdie keer nie mag faal nie. Toe die pyl vlieg, lyk dit soos 'n dodelike swael wat deur die son skiet. Dit steek dodelik sekuur half na bo en dit vlieg met die snelheid van 'n bliksemstraal.

Nadat hy die pyl laat vlieg het, buk die Swart Luiperd vinnig laag. Daar is so oorverdowende gedreun en soveel stof, dat hy aanvanklik nie kan sien of hy geslaag het nie.

Stofomslag: Willie du Plooy

6 000256 000063

# DIE SWART LUIPERD

No 65
Die Plaag uit Egipte

R2
a.v.b uitgesluit



## INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Die Gewonde Perd | 3 |
| 2. | Wraak | 7 |
| 3. | Die Laaste Sarsie | 15 |
| 4. | 'n Gyselaar | 20 |
| 5. | Vyand uit die Lug | 26 |
| 6. | Gevaar in die Gras | 31 |
| 7. | Lyk in 'n Boom | 36 |
| 8. | Aasvoels | 41 |
| 9. | Raakskoot! | 46 |
| 10. | Konsternasie | 52 |
| 11. | Gevaarlike Vlakte | 58 |
| 12. | Raakskoot! | 66 |
| 13. | Die Stille Dood | 73 |


Hoofstuk 1

# DIE GEWONDE PERD

Oom Wicus Viljoen, een van die baanbrekers op die wit hoogland van Kenia, dwaal onrustig op die koel stoep van sy groot boerewoning op die plaas Voorpos. Hy is 'n lang skralerige man met helder oë en 'n sterk liggaamsbou. Hy is nie 'n man wat maklik onrustig raak nie maar vanaand is hy onrustig.

Dit is nie verniet dat oom Wicus se plaas Voorpos heet nie. Dit is afgeleë in 'n vlak vallei ver ten weste van Eldoret in die rigting van die grens van Uganda. Sy naaste bure is 'n stywe twee uur te perd van hom af.

Oom Wicus gaan staan op die hoek van die stoep en onder die veranda uit kyk hy deur die eerste skemering in die groen weelde van bome en struike in. Hy kyk na die slingerpaadjie wat hiervandaan ooswaarts lei in die rigting van die klein buiteplek waar daar 'n winkeltjie is. Hy hou die hele middag al hierdie paadjie dop, maar nou doen hy dit met 'n gevoel van stygende benoudheid.

Hy wag dat daar 'n ruiter in daardie paadjie moet verskyn, 'n vroueruiter. Sy twintigjarige dogter Anette.

Anette is vir oom Wicus Viljoen soos die appel van sy oog. 'n Oomblik bruis die trots deur hom toe hy aan haar dink—aan haar welige rooibruin hare die ligblou oë en die klein maar stewige liggaamsbou, aan haar opgeruimdheid en haar bekende moedigheid. Anette. . .

Hy het haar nie net lief nie. hy bewonder haar want sy het alles opgeoffer om na hom toe te kom. Toe tant Tiena bietjie meer as 'n jaar gelede oorlede is, het oom Wicus baie eensaam gevoel op Voorpos want behalwe Anette het hulle nie ander kinders nie. Na die dood van haar moeder het Anette 'n veelbelowende loopbaan in Nairobi net so laat vaar en haar op die plaas by haar vader kom vestig.

,,Maar my kind," het oom Wicus geprotesteer, ,,jy kan nie alles net so opgee en hier by my op Voorpos kom woon nie. Dit is 'n afgeleë plaas. Hier is skaars enige jong mense en die tyd sal jou vreeslik verveel."

,,Die tyd sal my nooit verveel as ek by jou is nie, Vadie," het sy toe geantwoord. ,,En wie moet vir Vadie sorg as ek nie hier is nie?"

,,Maar ek het vir Mnaja," het hy geantwoord.

,,Mnaja," het Anette geantwoord, ,,is en bly maar net 'n inboorling en hy kan nie vir Vadie sorg soos ek nie."

So het dit gekom dat sy alles laat vaar het en by haar vader kom woon het in hierdie pragtige vallei met sy groen woude en sy grasige weivelde, sy

sterk waters, sy uitnemende koffieplantasies en sy blinkvet beeste.

Dit alles skiet nou deur die kop van oom Wicus terwyl die skemering om hom toeslaan en terwyl die benoudheid sy hart vaster klem. Enigiets kan met enigiemand gebeur, dink hy 'n oomblik selfsugtig, maar met Anette moet daar niks gebeur nie want sy is ál wat hy oorhet.

Dit is nie soseer die feit dat sy nog nie haar opwagting gemaak het wat hom so onrustig stem nie. In die afgelope tyd, in die afgelope maand of twee is daar iets in die lug waarvan oom Wicus nie hou nie. Hy voel dit aan hoewel hy dit nie kan verklaar nie. Hy sien dit in die oë van sy werksvolk, in 'n beweging van 'n hand of die houding van 'n liggaam of die toon van 'n stem. Dit is iets ontasbaars en tog iets so werklik.

Vreemd, oom Wicus het nog nooit hierdie indrukke gehad nie. Selfs nie in die afgelope twee maande nie. Dit is vandat hy besluit het om Voorpos te laat vaar. Hy hink al lankal op hierdie gedagte, maar dit was vir hom nog altyd so 'n bitter uitsig dat hy nooit tot 'n besluit kon kom nie. Maar twee maande gelede, toe een van sy opregte bulle in die veld dood aangetref is en toe die veearts kom vasstel het dat die bul aan strignienvergiftiging gesterf het, toe het oom Wicus besluit dat Voorpos laat vaar moet word.

Hoe geheg hy ook al daaraan is, al rus tant Tiena hier in hierdie heilige grond wat hy makgemaak het ter wille van homself en veral ter wille van sy Anette, sal hy hier moet padgee. Dit het hom baie ure van wroeging gekos om te besluit om alles hier op te gee en na Suid-Afrika terug te keer. Hy het geskryf aan 'n broer van hom wat op die Hoëveld van Transvaal boer en sy voorneme aan hom bekend gemaak. Maar eers in die laaste week of twee het dit bekend geword dat oom Wicus wil verhuis. Dit is dinge wat 'n mens nie kan stilhou nie. Jy moet jou plaas op die mark plaas, jy moet jou vee probeer verkoop, jy moet allerhande reëlings maak. En op dié wyse het dit bekend geword dat Voorpos—die pragtige Voorpos—sy baas gaan verloor.

Ja dit is van daardie tyd af dat oom Wicus iets aanvoel wat hy so graag wil verklaar maar wat hom elke keer ontwyk.

Miskien is dit juis Mnaja wat by hom die indruk wek dat alles nie pluis is nie. Hy kan dit eintlik nie glo van Mnaja nie, want Mnaja is nog altyd die trouheid self. Hy is al twee jaar hier op Voorpos. 'n Ruk na die Mau-Mau-moeilikhede het Mnaja eendag daar opgedaag en sy dienste aangebied. Tant Tiena het hom in diens geneem as kok en huisjong en 'n uitstekende skepsel het hy geblyk te wees. Hy was nog steeds ywerig, onderdanig en gehoorsaam. Maar in die afgelope tyd is dit asof oom Wicus ander eienskappe by Mnaja gewaar. 'n Eienaardige trots in sy houding, 'n soort





uitdaging in sy oë, 'n soort teësinnigheid wat oom Wicus nooit geken het nie.

Maar, dink hy nou hier op die veranda, dalk verbeel hy hom dit maar. Die skepsels het soms eienaardige streke.

Maar elke keer as hy dié gedagtes van hom probeer wegwerp, dink hy aan die vraag wat Mnaja hom twee dae gelede reguit gevra het.

,,Oubaas,'' het Mnaja gesê, ,,is dit waar dat Oubaas vir Voorpos gaan los?''

Oom Wicus het uit die veld geslaan na die swart skepsel gekyk en toe ontwykend probeer antwoord: ,,Ek weet nie so reg nie Mnaja. Ek weet nie. Die tyd sal ons nog leer.''

En toe het hy in die inboorling se oë iets gesien waarvan hy nie gehou het nie–'n byna wrede manhaftigheid, so asof hy dit afkeur dat oom Wicus alles wat hy hier opgebou het sommer so aan die wildernis wil teruggee. . .

Hy luister of hy nie perdehoewe hoor nie. Die skemer het nou dieper geword. Dit is nou 'n diep pers oor die bome. Die naglewe is aan ontwaak. Die dag verdwyn, maar oom Wicus hoor niks.

Hy beweeg weer oor die lengte van die stoep. Miskien moes hy maar saam met Anette na die winkeltjie gery het. Sy moes vergeet al terug gewees het. Sy is net na die middag met Prins weg. En Prins is 'n voortreflike perd. Hy is oom Wicus se eie ryperd, so betroubaar soos kan wees en so geswind soos die wind.

Miskien, dink die ou man, het Anette by die winkeltjie 'n bekende raakgeloop en aan die praat gegaan. Hy vat ingedagte aan die blom van 'n bougainvillea. Hy vryf dit tussen sy vingers plat. Nee, nie Anette nie. Anette sal nie so lank babbel dat die son ondergaan en dat dit skemer word voordat sy terugkeer nie. Sy is net so vertroud met die gevare van hierdie deel van Kenia soos enigiemand anders. Sy is 'n versigtige meisie en as daar een ding is wat sy nie sal doen nie, dan is dit om in die donker alleen deur die bos te ry.

Oom Wicus skrik byna toe Mnaja agter hom praat. Toe hy omdraai, staan die jong inboorling daar met sy spierwit gewaad en sy wit pet op soos tant Tiena hom nog geleer het.

,,Die tafel is gedek, Oubaas,'' sê Mnaja. ,,Wil Oubaas nou kom eet? Of wil Oubaas wag totdat nooi Anette kom?''

Oom Wicus bly sprakeloos staan. Daar is iets in die stem van die inboorling waarvan hy nie hou nie, 'n soort aanmatiging, 'n soort ironie, so asof Mnaja verwag dat Anette vanaand sal laat wees.

,,Jy weet dat ek nooit eet sonder nooi Anette nie,'' sê oom Wicus skerp. ,,Hou die kos warm totdat sy kom, Mnaja. En moet my nie weer

kom pla nie.''

Mnaja draai om, gaan die huis binne en oom Wicus voel opnuut iets meer as onrus. Hy voel die vae opstoting van vrees.

Hy stap die stoep af, loop deur die pragtige voortuin wat tant Tiena aangelê het, na die draadheining om die werf. Hy gaan leun op die voorhek en hy aanskou hoedat die nag stadig om hom toeslaan. Die laaste lig huiwer nog in die toppe van die bome en na die weste lê daar 'n helderrooi band waar die laaste sonlig vir die nag vlug.

En terwyl oom Wicus daar so staan, hoor hy dit. Die sagte gerunnik. Verbeel hy hom dit of het hy die gerunnik hier iewers op die pad gehoor? Of was dit miskien die gerunnik van Albatros, sy appelblouskimmel merrie wat op stal staan?

Nee, daar kom dit weer. Sonder om te wag, glip oom Wicus by die hek uit en haas hom in die pad af. Omtrent tweehonderd tree van die huis af loop hy hom in Prins vas.

Daar is omtrent geen lig meer nie maar daar is genoeg lig om oom Wicus tot 'n ontstellende ontdekking te laat kom.

Prins se saal is leeg. Prins beweeg stadig nader huis toe. Sy gerunnik is die runnik van pyn en skok. Die stiebeuels swaai langs sy sye.

Toe oom Wicus die perd aan die stang gryp, sien hy dat die teuels nog oor die trotse nek lê. Maar dit is nie wat sy aandag trek nie. Wat hom verbyster, hom koud laat word tot in sy velskoene is die spies wat skeef in Prins se boud steek; die bloed wat teen die perd se agterkwart afloop. En die paar venynige, liederlike hale langs sy bors en oor sy ribbes sodat die ribbebene hier en daar blootgelê is.

,,Prins,'' fluister oom Wicus terwyl hy met 'n vinnige beweging die spies uit die boud van die beangste dier ruk. ,,Waar is die kleinnooi?''

Maar Prins draai net sy kop en runnik weer sag van pyn en aandoening. Ook van dankbaarheid omdat oom Wicus 'n deel van die pyn uit sy lyf verwyder het.

Die ou man kyk terug met die pad, maar die donker het reeds daar toegeslaan en dit versper sy gesig sodat hy vir Anette nie kan sien nie al was sy skaars twintig tree van hom af. . .



## Hoofstuk 2

## WRAAK

Toe hy in die huis sy haelgeweer van die kapstok afruk, kyk oom Wicus Viljoen 'n oomblik in die oë van sy bediende Mnaja. Verbeel hy hom dit of sien hy daar die sweem van oorwinning?

Hy praat hard en streng. ,,Mnaja, ek gaan die kleinnooi soek. Sy het nie gekom nie. Sorg dat hier nie fout kom nie.''

,,Ek sal sorg, Oubaas,'' sê Mnaja so asof hy dit nie bedoel nie.

Oom Wicus kyk een maal sydelings na die inboorling, toe storm hy die huis uit. Hy raap hom op en spring in die saal van Albatros. Hy het vir Prins na die stal geneem en sy staljong opdrag gegee hoe om die dier te dokter. Die gewillige Albatros vlieg weg van die werf af en oom Wicus dryf haar met die donker pad langs. Hy het sy sterk flitslig wat hy gebruik wanneer hy ongediertes skiet, en so in die jaag hou hy die bloedspoor van Prins dop.

Dit is omtrent 'n kilometer van die huis af toe hy die merrie skielik opruk en uit die saal spring nog voordat sy behoorlik tot staan gekom het.

Hier het dit gebeur. Hy kan dit duidelik sien. Hier het die botsing plaasgevind. Hier is die klam pad klei getrap deur Prins. Hier lê die baie kaalvoetspore en hier begin die bloedspoor van die hings.

Oom Wicus kyk vervaard na die toneel daar in die pad. Maar hy kry geen teken van Anette nie. Nie 'n spoor nie—niks.

Hy skakel die lig af en luister. Maar om hom swyg die oerwoud. Nie 'n geluid wat 'n aanduiding gee van wat van sy kind kon geword het nie.

,,Anette!'' skreeu oom Wicus en luister, maar die enigste antwoord wat hy kry, is die verskrikte geraas van 'n aap wat deur sy stem op loop gejaag is. Hy word weer yskoud daar waar hy staan. Hy ondersoek die omgewing verder maar hy sien geen bloed en geen teken van worsteling nie. Hy kry die indruk dat Anette skoon uit die saal gelig is, dat sy nie een maal grond gevat het nie. Hy lig onder die bome in, tussen die gras in, tussen die struike in, maar daar is geen beduidenis van haar nie. Hy sien dat die gras hier en daar vertrap is. Hy sien spore wat wegvoer in alle rigtings, maar verder gewaar hy niks. Elke keer verbeel hy hom dat hy haar lyk sien, dan sluit hy sy oë dig. Maar die volgende oomblik weet hy dat dit maar net sy oorstelpte verbeelding is.

Eindelik weet oom Wicus wat hy moet doen. Alleen sal hy niks vermag nie. Hy sal moet gaan hulp roep. Daarom spring hy weer in die saal en laat Albatros loop so al wat hy kan.

Hy jaag na sy buurman Frederik Buys, vinniger as wat enige man

seker nog dié afstand afgejaag het. Frederik Buys is 'n man wat die oerwoud ken, 'n man wat die inboorlinge ken, want hy was jare lank grootwildjagter in hierdie streke voordat hy hom as buurman langs oom Wicus kom vestig het.

Die huis van Frederik Buys is vol lig toe oom Wicus aangejaag kom en 'n oomblik gloei die hoop in hom op dat Anette miskien maar hier is, dat iets eienaardigs gebeur het. Miskien 'n wonderwerk.

Frederik Buys se groot plaashonde storm die ruiter tegemoet en toe oom Wicus voor die huis kom opploeë, staan die groot stewige Buys reeds op die stoep.

Oom Wicus vlieg uit die saal. ,,En toe ou buurman?" vra Frederik, ,,wat is dan al die haas? Het daar iets gebeur?"

,,Dit is Anette," sê oom Wicus. ,,Anette is weg! Frederik, jy moet my kom help! Sy was vanmiddag winkel toe. Vanaand skemer kom Prins sonder haar by die huis. Hy is liederlik beseer met 'n spies en deur pangas."

,,Wat praat jy nou, Oom?" vra Frederik Buys. ,,Wil jy vir my sê Anette is weg?"

,,Ek het die plek in die pad gekry," sê oom Wicus uitasem. ,,Ek het die plek gekry waar 'n worsteling plaasgevind het, maar daar is geen teken van haar nie. Hulle het haar ontvoer, Frederik. Ons moet die bure kennis gee en haar gaan soek."

Die ou man se gesig is spierwit in die lig wat uit die huis skyn. Sy lippe bewe en sy hande tril.

,,Maar natuurlik, Oom," sê Frederik. ,,Onmiddellik!"

Dit is eers toe Frederik Buys vir oom Wicus aan die arm vat en hom die stoep oplei dat oom Wicus die groot vreemdeling sien wat ook uit die huis te voorskyn gekom het. 'n Kolossale, massiewe man, donker van aanskyn met twee geweldige skouers en die twee vriendelikste blou oë wat oom Wicus nog gesien het. 'n Donkerharige man wat hom dadelik vertroue inboesem en wat hom 'n oomblik selfs rustiger laat voel.

,,Oom Wicus," sê Frederik Buys, ,,ek wil oom voorstel aan 'n ou vriend van my—'n man wat bekend staan as die Swart Luiperd."

Oom Wicus Viljoen kyk verslae na die groot man. ,,Die Swart Luiperd," sê hy sag. ,,Ek het al so baie van jou gehoor, my vriend, en ek wens al soveel jare dat ek jou kan ontmoet."

Dit voel vir hom asof die stewige handdruk van die groot oerwoudman sy bejaarde hand aan stukke druk.

,,Aangename kennis, Oom," sê die Swart Luiperd op pront Afrikaans. ,,Ek kon nie help om te hoor wat Oom vertel het nie. Dit is 'n





liederlike besigheid."

,,Ek is skoon uit my weste," sê oom Wicus en trap daar op die stoep rond. ,,Wat op aarde kan ons aanvang, Frederik? Wat op aarde? Teen hierdie tyd. . . teen hierdie tyd is sy dalk al . . ."

Frederik Buys sien die glinstering in die ou man se oë en lê sy hand op sy skouer. ,,Toe nou maar, oom Wicus," sê hy, ,,moenie dat ons sake vooruitloop nie. Ons sal dadelik aanstaltes maak om uit te vind wat gaande is."

Hulle gaan die huis binne en Frederik skink vir die ou man 'n glas whisky om hom te probeer kalmeer.

,,Wat gaan ons doen Frederik?" vra oom Wicus weer. ,,Dit is nou nag. As hulle haar wil ontvoer, dan sal hulle haar al wie weet waar hê wanneer dit lig word."

,,Ek sal dadelik boodskappers na die bure stuur, Oom. Ons sal die polisie laat weet, en ons sal 'n boodskap deurstuur na Eldoret en die boere daar laat weet om te kom help. As hulle Anette eers die Aberdare-berge ingeneem het, dan weet ek nie so mooi nie. Ons moet haar vind voordat dít gebeur. Ons sal hierdie hele distrik wakker maak, Oom. Laat dit maar aan my oor."

Frederik Buys stap ook sommer na 'n deur om na sy bediendes te gaan roep toe die Swart Luiperd hom tot stilstand bring.

,,Net 'n oomblik, Frederik," sê die Luiperdman. ,,Ek wil julle 'n aanbod maak. Hierdie inboorlinge weet goed genoeg dat julle hierdie hele distrik in rep en roer gaan kry. Dit is wat hulle verwag."

Hy kyk na oom Wicus wat indringend en afwagtend na hom sit en staar.

,,Wat is die aanbod, Neef?" vra oom Wicus.

,,Ek sal na die meisie gaan soek, Oom," sê hy. ,,Ek sal alleen gaan."

,,Alleen?" vra oom Wicus. ,,Hoe lank sal dit jou neem om haar alleen te vind, my vriend? Nee, ek sal nie toelaat dat jy alleen gaan nie. Ek gaan saam."

,,Nee, Oom," sê die Swart Luiperd, ,,dit kan Oom nie doen nie. Gee my nou 'n kans."

Frederik Buys, die vriendelike vrygesel wat al jare lank 'n vriend van die Swart Luiperd is en wat nou al die afgelope twee dae sy gasheer is nadat die Luiperdman uit die troebele Zaire teruggekeer het, kom belangstellend nader.

,,Ek dink daar is veel in wat hy sê, oom Wicus," sê Frederik. ,,As 'n mens hulle kan betrap, as 'n mens hulle kan verras op 'n wyse wat hulle nie verwag nie, is dit miskien baie makliker om Anette in die hande te kry.

Soos die Luiperdman sê, hulle verwag dat 'n hele kommando hulle gaan agterna sit. Hulle sal hul planne dienooreenkomstig maak. Hulle sal hulle dienoorkomstig gedra. Maar as een man hulle agtervolg, dan kan dit wees dat hy hulle sal verras."

,,En as jy hulle verras het," vra oom Wicus, ,,wat kan jy dan maak? Jy, soos jou vinger alleen?"

Die Luiperdman glimlag net en Frederik Buys beantwoord vir hom die vraag. ,,Oom ken hom nog nie! Hy is so goed soos 'n kommando. Hy ken die woud, hy ken hierdie omgewing en hy ken die inboorlinge. Hy het sy pyl en boog en hy het sy twee mak luiperds. Die hemel weet, oom Wicus, ek sal nou vertrek as ek kan help, maar ek dink Oom moet eers die Swart Luiperd 'n kans gee. Hy is die grootste bespieder in die oerwoude van Afrika. Hy is die grootste vegter wat ek ken. Laat hom vooruitgaan. Ons kan nog altyd mense bymekaar kry en hom volg. Maar ons moet hom 'n kans gee om vooruit te gaan."

,,Ai, Neefs," sê oom Wicus, ,,ek sal enige ding doen as ek net my kind kan terug kry. En as julle meen dat dit die beste is, doen dit dan ter wille van haar." Toe kyk hy smekend in die bruin gelaat van die Luiperdman op. ,,Man van die oerwoud," sê hy, ,,jy moet my nie teleurstel nie. Jy moet haar vind, en jy moet haar na my toe terugbring."

,,Ek sal my bes doen, Oom. Ek sal my uiterste bes doen. Maar nou moet Oom my eers die omstandighede vertel—haarfyn net soos Oom dit ken."

Oom Wicus vertel vinnig en uitvoerig hoedat Anette na die winkel gegaan het, hoedat sy nie teruggekom het nie, hoedat Prins vermink is. Nog voordat hy daarby kom, vra die Swart Luiperd die ding wat hy net wou sê.

,,Het Oom in die afgelope tyd iets onder Oom se swartes gewaar wat jou nie aangestaan het nie?"

Oom Wicus vertel van sy vrees, hy vertel van die veranderde houding van Mnaja. Hy vertel die Swart Luiperd hoedat hy voornemens is om Kenia te verlaat.

,,Weet jou swartes dat jy Kenia gaan verlaat, Oom?" werp die Swart Luiperd in.

,,Ja hulle weet dit," sê oom Wicus. 'n Oomblik dink die oerwoudman na en toe sê hy: ,Hierdie Mnaja, werk hy al lank by Oom?"

,,Twee jaar of meer. Nog altyd 'n baie betroubare en onderdanige skepsel gewees."

,,Weet Oom van sy geskiedenis? Weet Oom byvoorbeeld of hy iets te doen gehad het met die Mau-Mau?"





,,Dit weet ek nie," antwoord oom Wicus. ,,Maar ek twyfel, Neef. Ek kan nie dink dat 'n jong soos Mnaja iets met die Mau-Mau te doen kon gehad het nie."

Die Swart Luiperd gaan sit op die kant van die tafel en kyk aandagtig na die verbouereerde, verskrikte ou man. Hy voel 'n diepe simpatie teenoor hierdie bejaarde boer wat al soveel prysgegee het.

,,Nou wil ek Oom nog iets vra," sê die Luiperdman. ,,Het Oom ooit iets te doen gehad met die Mau-Mau? Ek bedoel het hulle Oom ooit gemolesteer?"

,,Gemolesteer?" sê oom Wicus, ,,Hulle het van my beste beeste doodgekap."

,,Het Oom ooit teen hulle opgetree? Na hulle geskiet, een van hulle gedood of iets van die aard?"

,,Net een," sê oom Wicus. ,,Net een wat ek een oggend voordag betrap het toe hy geprobeer het om my ryp koring aan die brand te steek. Ek het hom geskiet, Neef."

,,Dood? Het Oom hom doodgeskiet?"

,,Ja, ek het hom doodgeskiet," sê oom Wicus. ,,Hy het geval net waar ek hom getref het. Dit is die enigste Mau-Mau wat ek doodgeskiet het. Ek weet nie wie hy was en wat hy was nie."

,,Ek verstaan," sê die Luiperdman en toe hy na Frederik Buys opkyk, sien Frederik iets betekenisvols in die uitdrukkingsvolle oë van die man van die oerwoud.

Oom Wicus is weer op sy voete. ,,Kêrels, ons moet iets doen," sê hy. ,,Hierdie wag is vir my te veel."

,,Ek stel voor, Oom," sê die Luiperdman ,,dat ons eers saam met Oom terugry plaas toe. Ek wil graag na daardie perd gaan kyk. Ek wil ook graag die plek sien waar Oom se dogter verdwyn het."

Tien minute daarna glip drie ruiters deur die donker weg. Oom Wicus lei die Luiperdman en vir Frederik Buys vinnig op sy spoor terug na Voorpos. Angs en aaklige voorgevoel dryf hom. Frederik Buys, 'n geharde man van die wilde wêreld, is so verbysterd dat hy nie eintlik weet wat om te dink nie.

Maar die Swart Luiperd span sy gedagtes sekuur en helder agtermekaar in. Hierdie doodskiet van die Mau-Mau by die koringland bly deur sy brein maal. Dit het vir hom betekenis. En die vreemde verskynsel dat Mnaja en die ander werkvolk hul houding verander het nadat dit bekend geword het dat oom Wicus Kenia wil verlaat, het vir hom eweneens betekenis. Telkens voel dit vir hom asof die twee dinge verband het maar hy kan nie bepaal watter verband daar bestaan nie.